

GROEIGROEPMATERIAAL

6 Maart – 12 Maart 2022

In Jesus Spore volgens God se wil...



GELOOF: Ek glo...in 'n Persoonlike God

Om iemand te ken verg baie tyd en moeite. Ons moet baie tyd saam met iemand spandeer om te leer hoe hulle dink en voel oor verskeie sake, en daarby bepaal of ons dan deel gaan wees van daardie gesprekke asook of ons dalk dieselfde dink as iemand anders. Wanneer ons dan oor die weg kom sal ons vriende raak met hierdie persoon omdat dit goed en lekker is om met hulle tyd te spandeer en hulle te leer ken. Hierdie verhoudings is dan gebaseer op liefde, maar ook omgee wat daarby aansluit.

Ons hoofbron van liefde in ons lewe is God. Hy is die God van liefde, soos wat ons lees in 1 Joh. 4:16. Ons God is ook 'n God wat ons elkeen persoonlik ken. Iets wat ons ter harte kan neem en kan weet dat dit beteken God loop ons lewenspad saam met ons, ongeag of ons dit weet of nie. Dit lees ons in die Bybel.

TEKS: Jeremia 1:4-10

Vrae:

1. Waar en wanneer begin God ons leer ken?
2. Hoe dink julle, ken God ons nog voordat ons gevorm is?
3. Hoekom sou julle sê die klem van vers 5 lê in die woorde "*Ek het jou geheilig*", en "*Ek het jou bestem.*"
4. In vers 6 sien ons hoe Jeremia bang is. Hoekom dink julle is hy bang, en wie anders in die Bybel was ook bang gewees vir sy roeping?
5. Hoe het God vir Jeremia bemagtig (*empower*) om sy roeping te volg nadat hy gesê het hy is bang? Lees weer verse 7-9.

6. Dink julle God het 'n roeping vir ons almal bestem en geheilig? En hoe kan ons soms bang wees om daardie roeping te vervul?

Om saam te vat...

God ken ons harte, ons emosies, en ons daade, alles wat ons al gedoen het en nog gaan doen of dink of voel. Hierdie moet dus vir ons nie 'n ontmoediging wees nie, maar eerder 'n bemagtiging, omdat God tog ons elkeen se lewens vir ons bestem het. Ons gaan gereeld bang wees, maar ons moet onself herinner aan die Bybelse figure wat ook bang was, maar deur God se leiding hulle roeping kon vervul.

Lees die lirieke van Liedboek 519 saam, en sing dit as julle wil.

Gebedstyd:

- Bid vir ons gemeente se Groeigroepe: vir die groepe wat reeds gestig is om aanhoudend te groei in getalle en in geloof; ook vir die groepe wat nog op die been kom; en vir toekomstige groepe wat gestig gaan word in ons gemeente.
- Bid vir elke lidmaat, asook elke kerkraadslid – dat God hulle kan bemagtig sodat hulle nie bang is om die kerk vorentoe te dra nie.
- Bid vir die Ringsvergadering wat Donderdagaand plaasvind.
- Bid vir die oorlog wat tussen Rusland en Oekraïne woed, sodat God die betrokke mense kan bemagtig. Al ken hulle nie vir God nie, ken God hulle.

Wees oop om jou roeping te ontvang of te ontdek deur die kennis wat God van jou het, en wat jy van Hom het, en wees bemagtig deur die wete dat God ons almal se harte, gedagtes en daade ken.